**Saterdag 15 Augustus**

**Skrifgedeelte: Genesis 5:21-27**
**Fokusgedeelte: Genesis 5:25-27**

## Metusalag – ’n lang lewe voor die geweldige oordeel

Metusalag is die seun wat vir Henog gebore is. Ons weet uit die kort briefie van Judas (vs 14) dat Henog ook as ’n profeet geag is, en ons weet dat Hy met die Here gewandel het. Hy is immers deur die Here in die hemel opgeneem.

Die tyd waarin Metusalag grootword, is egter ’n tyd waar die sondeval se bederf reeds ver gevorder het. Die nakomelinge van Set is die verbondslyn van God se kinders, maar hulle lewe in ’n in sonde gevalle wêreld. Metusalag se seun Lameg het by die geboorte van Noag die versugting uitgespreek dat Noag hulle van al hulle moeitevolle arbeid sal vertroos. Hy is dus ’n verbondskind in ’n in sonde gevalle wêreld.

In hierdie wêreld leef Metusalag vir 969 jaar lank. Sy naam beteken letterlik “man van die spies/wapen”, dus ’n man wat die dood sal aanbring. Wanneer ons nou in ag neem dat hy in die jaar gesterf het wat die sondvloed op die aarde gekom het, sien ons dat sy naam eintlik die oordeel van God wat aan die kom is, verkondig het. Tog is hy die man wat die langste leef. Elkeen wat sy naam hoor, weet dat die oordeel in aantog is, maar hy hou aan en aan met lewe. Daar is steeds tyd om die waarskuwing te hoor en die hart om te keer. Helaas, in sy sterfjaar was dit net Noag en sy gesin wat die vloed ontkom het.

Ons leef in ’n tyd waarin ons seker kan wees van Christus se verlossende werk vir ons. Ons kan weet Hy het aan ons die redding en verlossing uit vrye genade geskenk. Wanneer ons na die wêreld rondom ons kyk, sien ons hoe die sonde en die goddeloosheid hand oor hand toeneem. Meer en meer mense lewe sonder God.

Daar is vandag nie meer ’n Metusalag in ons midde nie, maar ons elkeen het die roeping om die genade van die evangelie te verkondig. Saam met die genade hoor ons ook die waarskuwing van God se oordeel. Christus het gekom en vir ons die verlossing gebring, maar Hy sal weer kom om as Koning en Regter te oordeel. Dit kan nog veel langer as die leeftyd van Metusalag neem, of dit kan skielik soos ’n dief in die nag kom.

*Sing: Psalm 97:1, 6, 7 (1936)*
*Ds. C (Christiaan) Jooste (Wonderboompoort)*